

Ark Blitz

Les 16 - **HOOR DIE DONKIE**

Maats lees: Num 22 – 23

Die verhaal speel af op teen die einde van die volk Israel se reis na die Beloofde Land. Agter hulle lê 'n pad van dood, waarop diegene moes uitsterf wat nie geglo het dat die Here hulle veertig jaar vantevore met veiligheid in die land kon inneem nie. Die nuwe geslag is nou weer op die punt om die land binne te trek. Bileam se seën-uitsprake is dus seëninge deur die Here gegee met die oog op die toekoms.

Bileam lyk na ’n goeie persoon wat die wil van die Here soek. Wanneer ons die hele Bybel lees, sien ons egter hy word as ’n dwaalleraar en vyand van die Here se mense beskou. Sy naam word 'n simbool van verleiding. Waarom oordeel die Bybel so negatief oor Bileam? Wanneer Numeri 25:1-4 saam met Numeri 31:8, 15-16. gelees word, blyk dit dat Bileam die oorsaak was dat die Israeliete deur Moabitiese meisies verlei is tot afgodery (Baäl-Peor). Miskien het hy vir hierdie raad toe wel ook nog 'n beloning van die koning van die Moabiete, Balak, gekry. Die Moabiete word hiermee ook tot vyande en gevaar vir Israel verklaar. Wat leer ons uit hierdie verhaal?

Die Here laat nie toe dat sy volk vervloek word wanneer Hy hulle seën nie! Hy beskerm Israel teen vloeke, nog meer, God draai vloeke om in seëninge!

**** Ons leer wat is ‘n tweegesig ****